Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 06/11 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Covid:**
   Indien **enige persoon in u huishouding** getoets is vir COVID-19 en u wag op u uitslag, moet u asseblief NIE u kind(ers) skool toe stuur nie. Sodra die uitslag **NEGATIEF** is, mag u kind(ers) weer skool toe kom. Indien die uitslag **POSITIEF** is, moet u en u huishouding vir ten minste 10 dae in isolasie wees. **Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep, op u as ouers om die skool in kennis te stel indien u kind afwesig is a.g.v. Covid-19-toetsing in u huishouding.**

   HS McLachlan wend 'n poging aan om te keer dat die virus versprei. Ouers en leerders moet asseblief verantwoordelik optree – vermy sosiale kontak en dra maskers.

2. **Rapporte – kwartaal 3:**
   Leerders het op onderskeidelik Donderdag, 5 November, en Vrydag, 6 November, hul rapporte ontvang.

3. **Klerebank**:
   Die klerebank is Donderdag, 12 November, vanaf 14:00 tot 14:30 oop. Op Donderdag,19 November en **Woensdag, 25 November**, sal die klerebank vanaf 13:00 tot 13:30 oop wees.

4. **VRL en BK – 2021:**
   Die VRL en BK vir 2021 sal tydens die eerste byeenkoms van 2021 aangekondig word.

5. **Matriekeksamen:**
   Die matriekeksamen het reeds 'n aanvang geneem en ons wens al die matrieks van 2020 baie sterkte toe. Ten spyte van buitengewone omstandighede het ons volle vertroue dat julle hierdie eksamen as goed voorbereide leerders aanpak. Alle sukses word julle toegewens.

6. **Eksamen- en busreëlings:**
   Die eksamen neem op Maandag, 16 November, 'n aanvang en duur tot Vrydag, 27 November. Die volgende reëlings geld vir die duur van die eksamen:

   - Skool open om 07:30 vir skandering. Covid-maatreëls geld ook in die eksamentyd.
   - Graad 1- tot 3-leerders:
     - Skandering: 07:30 tot 07:55
     - Skoolure: 08:00 tot 12:15
     - Busroete: 12:15

     Ouers moet asseblief toesien dat leerders se vervoer om 12:15 hul by die klein hekkie kom haal.

herotel IGEN

- Graad 4- tot 6-leerders:
    - Leerders skryf op alternatiewe dae in A- en B-groepe soos uiteengesit op eksamenrooster. Vraestelle wat op 12 en 13 November geskryf word, word in normale skooltyd geskryf.

- Graad 7- tot 11-leerders:
    - Leerders skryf saam as klasgroep op dieselfde dag en word verdeel in verskillende lokale.

- Indien leerders een vraestel skryf, verdaag hulle na afloop van die eerste sessie om 10:15.
- Indien leerders twee vraestelle skryf, verdaag hulle na afloop van die tweede sessie om 12:15.
- Die busroetes vertrek om 10:15 asook om 12:15.

7. **Finansies:**
   'n Deposito van R300 is op 3 November 2020 in die skool se rekening gemaak met die verwysing "skoolgeld". Sal die betrokke ouer asseblief vir mev. Mattheus kontak.

   Die laaste skoolfondsrekenings sal DV volgende week uitgaan. Ons herinner ouers daaraan dat alle uitstaande skoolfondse teen 30 November 2020 ten volle vereffen moet wees. Dankie vir u samewerking.

8. **Grannor Passi-projek:**
   Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit Borg